CLOVER AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES
LOKETPRODUKSIES

2 – 7 Oktober 2012

A. ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

1. CLOVER AARDKLOP SE PRODUKSIE-OPSET

Waar Clover Aardklop vir Opdragproduksies 'n vasgestelde kontrakfooi aanbied (die fees dek die onkoste en kry die deurinkomste), is Loketproduksies verantwoordelik vir hulle eie onkoste en kry 'n persentasie van die deurinkomste. Opdragproduksies word saamgestel uit opdragaansoeke, sowel as produksies wat deur Clover Aardklop gevra word om aan die fees deel te neem of in opdrag op die planke gebring word.
Hierdie vorm is 'n aansoek vir 'n *Loketproduksie*.

2. SLUITINGSDATUM

Die sluitingsdatum vir aansoeke is streng **Maandag 13 Februarie 2012**. Vorms wat laat is of onvolledig is, word **nie** vir keuring oorweeg nie. Handig u aansoek in by die Clover Aardklop-kantoor of stuur dit per pos, e-pos of koerier (om ons teen die sluitingsdatum te bereik). **Gefaksde vorms word nie aanvaar nie.** Tekste moet gepos word of per koerier gestuur word.

3. FEESPROGRAM EN AANSOEK

Die getal Loketproduksies wat aanvaar word, word beperk tot sowat 45. Die feesprogram in geheel moet 'n breë spektrum van die kunste omvat en van hoë gehalte wees. Verskeie faktore word oorweeg: artistieke verdienste, die behoeftes van die publiek, nuwe, vernuwende en oorspronklike werk, sterk gevestigde produksies, balans tussen die verskillende genres, asook 'n mengsel t.o.v. lengte en omvang.

Om keuring te vergemaklik, moet die voorgeskrewe vorm volledig ingevul en saam met enige aanhangsels betyds ingedien word. **AANSOEKE WAT ONVOLLEDIG INGEVUL WORD, SAL NIE OORWEEG WORD NIE!**

TEKS: In die geval van toneel- en kabaretaansoeke (of enige ander produksie met 'n teks) **moet 'n volledige teks (ook in die geval van vertalings), asook 'n sinopsis**, saam met u aansoek ingestuur word. Tekste moet gepos word of per koerier versend word.
MUSIEK & OPNAMES: Waar die produksie se klem op musiek val, moet 'n onlangse CD-opname van die kunstenaar(s) die aansoek vergesel.
CV'S: Daar moet CV's van die prominente persone (of groep) betrokke by die produksie by die aansoek ingesluit word.
LENGTE EN TEIKENGEHOOR: Ons het uit ondervinding geleer dat feesgangers produksies van 60-80 minute in lengte verkies. Dit beteken egter **hoegenaamd** nie dat Clover Aardklop nie langer produksies sal oorweeg nie. Jy moet in jou aansoek jou produksie se tydsduur aandui (met die lengte van die pouse ingereken, waar van toepassing). Let asb. daarop dat jou produksie uiteindelik nie die tydsduur wat jy aangedui het (en wat so gepubliseer word) mag oorskry nie – dit veroorsaak oneindige probleme vir die feesgangers en feesbestuur.

Dieselfde geld vir jou aanduiding m.b.t. die klassifikasie van jou produksie as (A) vir almal, (OB) met ouerbegeleiding en (V) net vir volwassenes (met 'n ouderdomsperk indien nodig) en die bykomende verduidelikende kodes oor watter kwessies van toepassing is. Wees eerder te konserwatief in jou klassifikasie om te verhoed dat feesgangers hul geld terugeis. Onthou, sulke "foute" raak uiteindelik jou eie sak en berokken skade op vele vlakke.
SKAKELPERSOON: Clover Aardklop kommunikeer hoofsaaklik d.m.v. e-pos – daarom moet jou kontakpersoon 'n e-posadres of faksnommer hê (verkieslik e-pos). Hierdie persoon moet geredelik beskikbaar wees en goed op hoogte wees met u aansoek, die produksie self, asook logistieke aspekte daarvan.
LET WEL: Soos met die aansoekvorm self, moet tekste, CD's, ens. per pos gestuur of per hand of koerier afgelewer word.
Clover Aardklop aanvaar geen verantwoordelikheid vir CD's, videobande of dergelike materiaal wat ons saam met u aansoek ontvang nie en kan helaas ook nie onderneem om dit terug te stuur nie.

4. BEOORDELING EN KEURING

Tydige ontvangs van volledige aansoeke word gevolg deur die prosesse van beoordeling en keuring. 'n Paneel van keurders werk op 'n puntesisteem en bepaalde kriteria waarvolgens die produksies met die hoogste punte gekeur word:

a) die genre-keurpanele oorweeg die verdienste van aansoeke individueel en gesamentlik.
b) die sentrale programkomitee oorweeg die verdienste van aansoeke in die lig van die genre-keurpanele se aanbevelings. Hier word ook gekyk na die breë behoeftes van die fees m.b.t. balans, taalverspreiding, nuwe werk, finansiële oorwegings, ensovoorts.
c) die feesdireksie oorweeg die programkomitee se aanbevelings aan die hand van die oorkoepelende feesbeleid en begroting en gee die finale goedkeuring.

5. TERUGVOER VAN CLOVER AARDKLOP AAN JOU

Wanneer ons jou aansoek kry, sal ontvangs skriftelik erken word (per e-pos) – dit sal geskied vóór of op **Woensdag 22 Februarie 2012**. As jy teen dié datum nog nie van ons gehoor het nie, skakel asb. onverwyld die Clover Aardklop-kantoor by 018 294 7509 om navraag te doen.

DIT IS **JOU** VERANTWOORDELIKHEID OM SEKER TE MAAK DAT ONS JOU AANSOEK ONTVANG HET. Clover Aardklop aanvaar nie verantwoordelikheid vir aansoeke wat in die pos verlore raak nie. Ons dra immers nie kennis daarvan nie en kan dit nie opvolg nie.

Die uitslag van die keuringsproses sal op die laatste teen **Vrydag 18 Mei 2012** bekend gemaak word. Hierdie uitslag is finaal en nie onderhandelbaar nie. Indien inligting verander het sedert die aansoek ingedien is (veral oor die betrokkenes by die produksie wat botsings kan veroorsaak), moet die nuwe inligting onverwyld en vóór agtuur **Maandagoggend 21 Mei 2012** deurgegee word per e-pos aan: produksies@aardklop.co.za OF faks: 018 294 7504.

6. SKEDULERING

Skedulering beteken die spesifieke dae en tye wat produksies speel. Die programbestuurder stel die finale skedulering vas. Elke produksie kry gewoonlik tussen een en vyf tydgleuwe (na gelang van genre en gehoorkapasiteit, en natuurlik so ver moontlik soos versoek). Skedulering word teen **Vrydag 25 Mei 2012** afgehandel en gekeurde produksies sal spoedig daarna verwittig word van optreedatums en tye. Kunstenaars moet voor **Woensdag 30 Mei 2012** bevestig of die skedulering in orde is.

Skedulering is 'n ingewikkelde saak: om skedulebotsings te voorkom, dui asseblief aan indien enige lid van jou geselskap by ander aanbiedings betrokke is. **Geen lid van 'n geselskap (ingesluit tegniese personeel) mag by meer as drie (3) produksies betrokke wees nie.** In gevalle waar die rolverdeling van produksies nog nie afgehandel is wanneer die skedulering gedoen word nie, MOET die kunstenaars by die fees se skedulering inval.

7. VENUEBESETTINGSBELEID
INTREK: Een uur vóór die aanvang van u aanbieding, of soos die skedule vereis.
UITTREK: Binne dertig minute ná afhandeling van u aanbieding.
Die tegniese koördineerder sal ±4 weke vóór die fees intrek- en repetisietye met kunstenaars bevestig. Let daarop dat venues van die Vrydag tot die Maandag voor die fees in gereedheid gebring moet word vir die feesgangers. Voorbereiding soos byvoorbeeld vir bespreekte sitplekke, verdonkering, lugverkoeling ens. word gedoen. Dus het alle Clover Aardkloppersoneel toegang tot die venues nodig, selfs ook tydens repetisietye.
Beplan asseblief jou produksie (dekor, tegniese opset ens.) só dat die intrek en uittrek so maklik en vinnig moontlik kan geskied.

8. REKLAME
Die fees onderneem om te help met die verspreiding van produksieplakkate (slegs A2) tot 'n maksimum van 50 plakkate, welke plakkate die feeskantoor vóór **Maandag 20 Augustus 2012** moet bereik. Die produksie is self daarvoor verantwoordelik om die venue en tye van aanbieding op die plakkate aan te bring. Plakkate wat ná dié datum ingehandig word, sal nie deur Clover Aardklop versprei word nie.

Inligting oor jou produksie word by oorkoepelende nuusvrystellings en in die feesgids ingesluit. Buiten bg. standaardmaatreëls strek alle bykomende publisiteit wat kunstenaars op hul eie doen tot almal se voordeel en dit word ten sterkste aangemoedig. Clover Aardklop se mediabeampte sal kunstenaars kontak omtrent inligting vir nuusvrystellings en foto's. Indien reeds beskikbaar, kan dit by dié aansoekvorm ingesluit word.

9. VERBLYF EN VERVOER
Alle Loketproduksies is verantwoordelik vir hul eie verblyf en vervoer. Ná suksesvolle keuring sal 'n besprekingsvorm vir verblyf aan u gestuur word.

10. OPVOERREGTE
Clover Aardklop aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige opvoerregte (ingesluit vir skrywers, vertalers en vervaardigers) van enige aanbieding onder Loketproduksies nie. Navrae in dié verband kan gerig word aan Samro of Dalro by tel 011 403 6635. Stuur asseblief 'n afskrif van jou klaringsdokument aan ons.

11. BETALING
Op jou **totale** loketinkomste word die volgende aftrekkings gedoen:

a. 'n Computicket-diensfooi van R5,70 per kaartjie;
b. Venue-huur wat bepaal word volgens die grootte van die venue en tegniese ondersteuning wat voorsien word;
c. Clover Aardklop-kommissie (wat individueel met produksies onderhandel word ná afloop van die keuringsproses);
d. Kredietkaartfooie ('n verhalingsfooi wat deur banke gehef word) van 2,75% waar feesgangers per kredietkaart bespreek het.
e. 'n Fooi van R1,14 per kaartjie vir komplimentêre kaartjies wat deur die geselskap aangevra word.

Loketproduksies se betaling word deur Computicket hanteer en sal drie weke ná die fees afgehandel wees. **LET WEL:** Geen BTW word afgetrek nie. Clover Aardklop trek ook geen werknemersbelasting af nie. 'n IRP 3(a) word aan jou verskaf ná afloop van die fees. Uitbetalingsinligting moet volledig verskaf word ná goedkeuring van 'n produksie (deel van die kontrak) om tydige betaling te verseker.

Onthou dat jy self jou kaartjieprys bepaal – hou jou teikengehoor in gedagte en maak erns met reklame om ten minste 'n besetting van 25% te verseker. Werk jou totale koste uit (verblyf, reis, per diem ens.) om seker te maak jou produksie is lewensvatbaar.

KANSELLASIE: As 'n Loketproduksie gekeur is en die kunstenaar aanvaar die skedulering, word die aanvaarding geag as 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die fees en die kunstenaar. Vir enige kansellasie van 'n Loketproduksie ná dit in die besprekingsbrosjure opgeneem is, sal die kunstenaar aanspreeklik gehou word vir **'n kansellasiefooi van R4 000.**

12. DIE MEDIA EN BORGE – KOMPLIMENTêRE KAARTJIES
Clover Aardklop voorsien kaartjies aan bv. die media en borge. Die kaartjies is huissitplekke wat nie deel is van die venuekapasiteit wat vir 'n produksie beskikbaar gestel word nie. Sodanige sitplekke wat nie gebruik word nie, word gewoonlik 'n dag vóór die fees begin vir verkope beskikbaar gestel. Met ander woorde, die venuekapasiteit wat aan die kunstenaar deurgegee word, is die kapasiteit wat beskikbaar is vir verkope en daar sal uiteindelik noodwendig meer sitplekke in 'n venue wees as wat aan die kunstenaar gekommunikeer is. Die verskil lê in die sowat tussen 20 tot 30 sitplekke wat uitgehou word vir feesdoeleindes.

13. BORGSKAPPE
Clover Aardklop se borge is uiteraard vir die fees van kardinale belang. As jy enige vrae oor jou produksie en borgskappe het, klaar dit asseblief met die uitvoerende hoof uit. (Sien ook item 23, afdeling B van die aansoekvorm.)

14. DEKOR, BYKOMSTIGHEDE (REKWISIETE) EN STOORPLEK
Clover Aardklop voorsien hoegenaamd geen dekorstukke (tafels, vlakke en dies meer) of rekwisiete vir produksies nie. Voorts is dit belangrik om daarop te let dat daar nie by venues stoorplek vir stelle is nie. Alle Loketproduksies is verantwoordelik vir hul eie stel

en vervoer van die stel na en van die fees. Clover Aardklop is nie verantwoordelik vir enige skade aan of verliese van stelle nie.

15. ADMINISTRASIEFOOI

Alle aansoeke, Opdrag en Loket, moet vergesel word van 'n administrasiefooi van R140 (BTW ingesluit). Dit is 'n eenmalige bedrag wat nie terugbetaalbaar is nie. Tjeks moet uitgemaak word aan: Clover Aardklop Nasionale Kunstefees. Direkte bankbetalings aan: Clover Aardklop Nasionale Kunstefees, Absa (Potchefstroom), rekeningnommer 405 879 4013. Die verwysing is die titel van die voorgestelde produksie. (**Byvoorbeeld**: Koning Lear) Die tjek OF bewys van die direkte inbetaling moet by die aansoekvorm aangeheg word.

16. KONTRAK

Ná afhandeling van alle onderhandelinge sal Clover Aardklop 'n formele kontrak en 'n uitbetalingsvorm van Computicket aan u stuur wat na Clover Aardklop gepos moet word om ons teen die laatste **Vrydag 24 Augustus 2012** te bereik. Dit mag onder geen omstandighede gefaks word nie. Geen uitbetalings sal gedoen word sonder die oorspronklike getekende kontrak en volledige Computicket-vorm nie.

17. OPSOMMING VAN SPERDATUMS

13 Februarie 2012:	Sluitingsdatum vir aansoeke
22 Februarie 2012:	Ontvangserkenning van aansoeke afgehandel
18 Mei 2012:	Uitslag van beoordeling & keuring aan almal bekend
21 Mei 2012 (vóór 08:00):	Afsnydatum vir wysigings met oog op skedulering
25 Mei 2012:	Skedulering afgehandel
30 Mei 2012:	Laaste datum vir regstellings m.b.t. moontlike skeduleringsprobleme
4 Junie 2012:	Finale kopie vir brosjure
23 Julie 2012:	Finale kopie vir feesgids
30 Julie 2012:	Foto's vir feesgids
20 Augustus 2012:	Plakkate afgelewer
24 Augustus 2012:	Getekende, oorspronklike kontrak en Computicket-uitbetalingsvorm moet by Clover Aardklop wees

Voltooi die res van die vorm volledig en pos dit aan:
CLOVER AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES
LOKETPRODUKSIE-AANSOEK
POSBUS 20313
NOORDBRUG
2522
NAVRAE: Tel 018 294 7509 en e-pos: produksies@aardklop.co.za
LET WEL: AANSOEKE PER E-POS WORD GESTUUR AAN: produksies@aardklop.co.za
PER HAND OF PER KOERIER: Loketaansoek, Clover Aardklop Nasionale Kunstefees, Malherbestraat 59, Potchefstroom

B. AANSOEKVORM: LOKETPRODUKSIE

Slegs vir kantoorgebruik:

Kwitansie #		Ontvangserkenning		Keurpaneel	
Programkomitee		Keuring		Terugvoer	
Kontrak		Skedulering			

1. TITEL VAN AANBIEDING

2. NAAM VAN GROEP / GESELSKAP / KUNSTENAAR

3. BESONDERHEDE VAN SKAKELPERSOON:

Voornaam		**Tel (Kode)**	
Van		**Tel (W)**	
Posadres		**Tel (H)**	
		Faks #	
Stad		**Sel #**	
Poskode		**E-pos**	

4. REGISSEUR / KUNSTENAAR

Voornaam		**Van**	
Sel #		**Tel (H)**	
Faks #		**Tel (W)**	

5. TAAL VAN AANBIEDING

6. SOORT AANBIEDING (DUI SLEGS EEN AAN MET 'N X)

Klassieke musiek	**Kindervermaak**	**Kabaret en musiek (van rock to gospel)**	**Toneel**
Ruimtelike teater	**Woordkuns en poësie**	**Dans en beweging**	**Koor en ensemble**
Ander			
Spesifiseer indien ander:			

7. SKRYWER / SKEPPER VAN AANBIEDING

Naam	
Nasionaliteit	

8. DEBUTEER U PRODUKSIE VANJAAR BY CLOVER AARDKLOP?

Ja	**Nee**
Indien nie, verskaf volledige besonderhede van vorige optredes:	

9. STATUS VAN GROEP / GESELSKAP / KUNSTENAAR

Professioneel	**Semi-professioneel**	**Amateur**	**Studente**

10. 'N GRADERINGSTELSEL WORD GEBRUIK OM GEHORE IN TE LIG OOR DIE TOEGANKLIKHEID VAN PRODUKSIES VIR ONDER MEER KINDERS. DUI ASB AAN HOE U U PRODUKSIE SAL GRADEER. INDIEN NODIG GEE OUDERDOMSPERK, BV. GEEN ONDER 16

Almal (A)	**Ouerbegeleiding (OB)**	**Volwassenes (V)**	**Geen onder:**

11. a) DUI ASB ENIGE KWESSIES AAN WAT IN U PRODUKSIE AANGERAAK WORD OM GRADERING VERDER TE VERFYN.

Taal	**Geweld**	**Seks**	**Naaktheid**	**Diviniteit**	**Vooroordeel**

12. BESONDERHEDE OOR GESELSKAP / GROEP / INDIVIDU

12. a) GROOTTE VAN GESELSKAP

Mans		**Dames**		**Kinders**		**Totaal**	

12. b) VOLLEDIGE LYS VAN BETROKKENES (DUI ASB AAN REGISSEUR, KUNSTENAAR, VERHOOGBESTUURDER ENS.)
LET WEL: In gevalle van groot geselskappe, heg afsonderlik aan by jou aansoek

Naam van betrokkene:	**Betrokkenheid:**

12. c) IS ENIGE LID VAN U GESELSKAP (KUNSTENAAR OF TEGNIKUS) BETROKKE BY 'N ANDER PRODUKSIE?

Ja	**Nee**

Naam van betrokkene:	**Titel van ander produksie:**

13. SKOOL- EN GEMEENSKAPSALE WORD MEESTAL AS VENUES GEBRUIK. HOEVEEL SITPLEKKE VERKIES U IN U VENUE?

50 - 100	100 - 200	200 - 400	400 en meer

14. HET U PRODUKSIE 'N STEL?

Ja	Nee

Gee 'n kort beskrywing van u stel (Stoorruimte is beperk):

15. WATTER VAN DIE VOLGENDE IS NOODSAAKLIK VIR U PRODUKSIE?

Wings / Colisse	Basiese klanktoerusting
Voorgordyn	Verdonkering
¾ / In die rondte	Dansmatte
Enige ander noodsaaklike tegniese spesifikasies (bv. minimum grootte van verhoog en hoogte van stel wat skedulering sal beïnvloed)	

LET WEL: Basiese klank en beligting word in venues verskaf, kerke en die Konservatorium uitgesluit. Wat hierdie toerusting presies insluit, word na skedulering bepaal. Die tegniese bestuurder sal met goedgekeurde produksies hieroor skakel.

16. BENODIG U 'N KLAVIER?

Ja	Nee

LET WEL: Vleuelklaviere is ongelukkig nie beskikbaar nie. As dit noodsaaklik is, kan Clover Aardklop dit inhuur (indien die venue groot genoeg is), maar dan sal dit vir u eie rekening wees.

16. b) BRING U U EIE ELEKTRONIESE KLAVIER SAAM?

Ja	Nee

17. GEBRUIK U ENIGE SPESIALE EFFEKTE?

Ja	Nee

Beskrywing:

17. b) DUI AAN INDIEN EEN VAN DIE VOLGENDE IN U PRODUKSIE GEBRUIK WORD:

Vuur	Brandende Sigarette	Vuurwerke	Nie van toepassing
Beskrywing:			

LET WEL: U moet u eie spesiale effekte verskaf.

18. DATUMS BESKIKBAAR

Datum van aankoms	
Datum van vertrek	
Voorkeurdatums vir optrede	

Let Wel: Die programbestuurder poog na beste om u te akkommodeer soos versoek. Dui asseblief hier aan indien daar datums is waarop u NIE sal kan optree NIE.

Bykomende optredes sal net gereël word nadat 'n gemiddeld van 75% van u totale aantal sitplekke verkoop is. Vir ekstra vertonings is die verdeling 50/50 tussen Clover Aardklop en die produksie.

19. KORREKTE TOTALE TYDSDUUR VAN PRODUKSIE

Lengte van produksie	
Lengte van pouse	
Totale tydsduur	

Dit is baie belangrik dat die regte tyd so bes moontlik aangedui word ter wille van skedulering en bemarkingsmateriaal.

19. b) INTREK- EN UITTREKTYE

Die standaard is dat die produksie 60 min. voor die aanvang van u aanbieding in die venue kan intrek en binne 30 min. ná die produksie uit die venue sal wees.

Intrektyd benodig voor elke optrede:	
Uittrektyd benodig na elke optrede:	

20. WAT IS U KAARTJIEPRYS?

R

21. MOET CLOVER AARDKLOP U TEKS IN AANMERKING NEEM VIR DIE ANGLOGOLD ASHANTI/ AARDKLOP-SMELTKROESPRYS?

Ja	Nee

(Die prys word toegeken aan die beste, nuwe, Afrikaanse verhoogteks (toneel/kabaret) wat by Clover Aardklop debuteer.)

22. BESKRYF U AANBIEDING IN SOWAT 60 WOORDE (ABSOLUTE MAKSIMUM) VIR OPNAME IN DIE BESPREKINGSBROSJURE (Dié paar woorde is van die uiterste

belang. Dit is grootliks op sterkte hiervan wat mense besluit wat hulle wil gaan kyk. As u reken ’n lid van u geselskap is ’n trekpleister, sluit sy/haar naam hierby in.)
DIE BESKRYWING MOET IN DIÉ BETROKKE RUIMTE INGEVUL WORD, ANDERS WORD U AANSOEK NIE OORWEEG NIE!

LET WEL: Buiten bogenoemde beskrywing moet u saam met hierdie aansoekvorm ’n sinopsis en teks van u aanbieding indien.

23. INDIEN U ENIGE BORGE VIR U PRODUKSIE GEWERF HET, VOORSIEN ’N VOLLEDIGE LYS MET DIE NAME VAN DIE BETROKKE BORGE EN GEE ASB. ’N UITEENSETTING VAN ENIGE OOREENKOMSTE WAT AANGEGAAN IS
BYVOORBEELD: Die Stigting vir Kunste vir Afrika – logo op eie plakkaat
LET WEL: Ooreenkomste word gesluit tussen u en die borg en is nie bindend op Clover Aardklop nie. Indien u onseker is of potensiële borge toegelaat sal word, klaar dit met die uitvoerende hoof uit. Waar daar regstreekse botsende belange met Clover Aardklop se groot eksklusiewe borge en venueborge is, sal ons u dadelik in kennis stel. Aanvaarbare borge vir Loketproduksies kan binne perke in die feesgids vermeld word. Logo’s van borge word NIE in die brosjure en feesgids geplaas NIE. Net Clover Aardklop se hoofborge se logo’s word geplaas.

C. TEGNIESE INLIGTING

Slegs vir kantoorgebruik:

Skedulering	
Venue	
Klank	
Beligting	
Stel	

1. TITEL VAN AANBIEDING

2. TEGNIESE KONTAKPERSOON

Naam:			
Telefoon:		**Faks:**	
Selfoon:			
E-pos:			

3. SOORT AANBIEDING (DUI SLEGS EEN AAN MET 'N X)

Klassieke musiek	**Kindervermaak**	**Kabaret en musiek (van rock tot gospel)**	**Toneel**
Ruimtelike teater	**Woordkuns en poësie**	**Dans en beweging**	**Koor en ensemble**
Ander			
Spesifiseer indien ander:			

KLANK:

1. BENODIG U 'N KLANKSISTEEM?

Ja	**Nee**

2. GEE 'N LYS VAN ALLE KLANKBEHOEFTES (VERMELD INSTRUMENTE WAT IN U PRODUKSIE GEBRUIK WORD, INDIEN VAN TOEPASSING):

BELIGTING:

1. BENODIG U BELIGTING?

Ja	**Nee**

2. BELIGTINGSPLAN
Indien u 'n spesifieke beligtingsplan van u produksie het, maak seker dat u dit hierby aanheg.

Daar sal 'n beligtingsplan van u venue deurgestuur word ná skedulering afgehandel is en alle produksies in die venue se behoeftes oorweeg is. Versoeke kan (binne perke) gerig word, maar dit is onderhewig aan die logistieke begroting.

EKSTRA INLIGTING: Indien u enige ekstra tegniese inligting wil verskaf:

D. OOREENKOMS

Ek, _____, as gemagtigde verteenwoordiger van die genoemde produksie, aanvaar al die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is. Ek het die dokument gelees, ek verstaan dit en beskou dit as 'n bindende ooreenkoms. In die besonder aanvaar ek, deur hierdie kontrak te onderteken, persoonlik aanspreeklikheid vir die optrede van my groep t.o.v. al die voorwaardes en verpligtinge vervat in hierdie dokument.			
Datum		**Geteken**	

NAGAANLYS M.B.T. JOU AANSOEK – MERK ASB. MET 'N X OF 'N N.V.T.! DIT MOET ASB. INGEVUL WORD. DIT IS 'N BAIE BELANGRIKE KONTROLELYS OM TE SIEN OF ONS U VOLLEDIGE VORM, AANHEGSELS EN/OF BYKOMENDE DOKUMENTE ONTVANG HET.

X / N.V.T.	
	Het jy jou aansoekvorm (B - D) van 5 bladsye ingevul?
	Is al die vrae **volledig** ingevul?
	Is daar 'n CD/DVD/Video ingesluit (indien van toepassing)?
	Is daar 'n toepaslike CV (CV's) ingesluit?
	Is daar 'n finale teks asook 'n sinopsis ingesluit (indien van toepassing)?
	Het jy jou eenmalige administrasiefooi ingesluit of betaal (met die bewys/tjek aangeheg)?
	Het jy die produksie se klankbehoeftes voltooi (indien van toepassing)?
	Het jy die produksie se beligtingsbehoeftes aangeheg (indien van toepassing)?
	Het jy 'n kopie van hierdie aansoek vir jou rekords gemaak?